

# 22

## KERSFEES

### Jesus se koms maak my bly

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet begryp dat ons met Kersfees die geboorte van Jesus vier.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet –

- Jesus is in Betlehem in 'n stal gebore.
- Jesus het gekom om God se liefde vir ons te wys.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet bly en dankbaar wees dat Jesus gekom het.

##### **Vaardigheid**

Die kinders moet in staat wees om –

- die verhaal van Jesus se geboorte te vertel.
- te verduidelik wat Jesus se koms na die aarde beteken.
- met hul dade hul blydschap en dankbaarheid daarvoor te wys.

#### **MEER INLIGTING (Die geskiedenis van Jesus se geboorte in die eerste paar hoofstukke van Matteus en Lukas)**

Op pad vanaf die dorpie Nasaret, reis twee mense. Dit is Josef en Maria. Hulle sou liever nou by die huis wou bly, want Maria gaan 'n baba kry. 'n Engel het vir haar die goeie nuus kom vertel. Die engel het ook vir haar gesê dat die babatjie Jesus genoem moet word, en dat Hy ook die Seun van God genoem sal word. Maar nou moet hulle eers na Betlehem gaan, want al die mense moet na die plek gaan waarvandaan hulle kom, om getel te word. Dit was ver om te

stap en hulle was al dae lank op die pad. Hulle was al moeg, maar gelukkig is hulle nou naby Betlehem, en dan kan hulle 'n plek kry om te rus. Maar dit was nie so maklik nie. Daar was al so baie mense in Betlehem dat die herberg – dis 'n oorblyplek vir mense – vol was. Gelukkig het hulle darem in 'n stal plek gekry. En daar in die stal is Jesus die nag gebore. Maria het Hom in doeke toegedraai en in 'n krip neergelê. Josef en Maria was so bly oor die kindjie.

Buite in die veld was 'n klompie skaapwagters besig om hul skape deur die nag op te pas. Terwyl hulle nog so rustig sit en waghoe, is daar opeens 'n helder lig wat op hulle skyn. Hulle skrik en is bang, maar meteens staan daar 'n engel wat met hulle praat en sê: *Moenie bang wees nie, want ek bring vir julle goeie nuus wat al die mense sal bly maak. Jesus is in Betlehem gebore.* Skielik was daar nog baie ander engele wat saam sing. Hulle sing dat God goed is en dat Hy die mense liefhet, want Hy het Jesus na die wêreld gestuur om die mense gelukkig te maak. Ja, Jesus was 'n groot geskenk aan almal.

Nadat die engele weer weg is, het die skaapwagters na Betlehem gegaan en Josef en Maria en die kindjie daar gevind, net soos die engel vir hulle vertel het. Hulle was baie bly en dankbaar oor die kindjie, en hulle het vir God dankie gesê. Hulle het teruggegaan en vir almal daarvan vertel.

Later het daar nog ander besoekers ook gekom. 'n Nuwe ster het verskyn toe Jesus gebore is. Sterrekykers van 'n ver land het geweet die ster beteken dat daar 'n koning gebore is. Hulle wou graag die nuwe koning sien, en daarom het hulle ook vir Jesus kom soek. Die ster het hulle gehelp om die plek waar Jesus was, te vind. Hulle was baie bly om vir Jesus te kry en het aan Hom hulde bewys deur vir Hom kosbare geskenke te gee.

## **AANBIEDING**

### **Jy het nodig**

- Twee boekmerke soos op bladsy 103, vooraf gefotostateer en uitgeknipt, vir elke kind.
- Potlode en enigiets anders om die boekmerke te versier.
- Boekmerke in 'n houër wat met Kersgeskenkpapier toegedraai is.

## **KOM ONS BEGIN**

Sing of lees Gesang 344: 1, en open met gebed.

*O die goeie tyding, o die blye tyding –  
helder klink dit met Kersfeestyd:  
Diep was ons verlore, Christus is gebore.  
Juig dan, almal, jubel oor die saligheid!*

## **HET HULLE ONTHOU?**

- Kontroleer of hulle die volgende vrae beantwoord het:
  - Wat is die twee dele van die tien gebooië? (*Liefde vir God, en liefde vir ons medemens.*)
  - Hoekom moet ons die tien gebooië nakom? (*Om dankie te sê vir alles wat God vir ons gedoen het en nog steeds doen.*)

- Kontroleer of hulle die tien gebooië ingevul en ingekleur het.
- Kontroleer of hulle die volgende ken:
  - God het vir ons die tien gebooië gegee.
  - Daarin staan hoe ons Hom en ons naaste moet liefhê.
  - As ons doen wat in die tien gebooië staan, sê ons daarmee vir God dankie: *Dankie dat U my liefhet en my verlos van al my sonde.*
- Laat 'n paar van die kinders die volgende teks mondeling voltooi: *Ek moet altyd uit dankbaarheid ..... (die Here my God liefhê en my naaste soos myself).*

## VANDAG LEER ONS

Vandag gaan ons leer wat Kersfees beteken. Kersfees is mos altyd vir julle 'n baie lekker tyd, want dan kry ons geskenke. Maar geskenke is nie eintlik waaroor Kersfees gaan nie. Vandag gaan ons weer hoor waaroor Kersfees eintlik gaan.

## BEGIN SO

Vra die volgende vrae:

- Wie van julle hou van geskenke? (*Ja, ons almal hou van geskenke.*)
- Wat is die grootste geskenk wat julle al gekry het? (*Verskillende antwoorde.*)
- Weet julle wat die grootste geskenk is wat al die mense in die wêreld gekry het? (*Jesus wat vir elkeen van ons gebore is.*)

## IETS INTERESSANT

Gaan soos volg voort: Vandag is 'n dag van blydschap en dankbaarheid. Ek voel vandag baie bly en dankbaar. Ek wil hierdie blydschap en dankbaarheid nie net vir myself hou nie, ek wil dit met elkeen van julle deel. Daarom het ek vandag vir ons almal 'n groot geskenk saamgebring. Wie gaan my help om dit oop te maak?

Die kinders maak die geskenk saam oop. Binne in die boks is daar vir elkeen van die kinders 'n boekmerkie. Die boekmerke is klaar uitgeknipt, maar nie versier nie. Bo-op die boekmerke is die prentjie van 'n geskenk en die volgende woorde: **Jesus is vir my gebore.** Gee vir elke kind een.

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel die geskiedenis van Jesus se geboorte.

## IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer in:

- Jesus se ouers was Josef en Maria.
- Hulle het in Nasaret gewoon.
- 'n Engel het vir Maria gesê dat sy 'n baba gaan hê.
- Sy moet Hom Jesus noem.
- Maria en Josef was in Betlehem toe Jesus gebore is.
- Hulle het in 'n stal gaan bly, want daar was geen ander blyplek oor nie.
- Skaapwagters het by engele gehoor dat Jesus gebore is.
- Hulle het gaan kyk, en teruggegaan en vir almal daarvan vertel.

- Daar het ook sterrekykers kom kyk waar Jesus gebore is.
- Hulle het vir Hom kosbare geskenke gegee.

## **IETS OM TE DOEN**

- Laat een van die kinders lees wat op die boekmerk geskryf staan.
- Vra die volgende vraag en bespreek dit:
  - Hoekom dink julle is daar 'n prentjie van 'n geskenk op die boekmerk? (*Ja, Jesus is ons grootste geskenk. Hy is vir my en vir elkeen van ons gebore. Josef en Maria was bly. Die skaapwagters was bly. Die wyse manne was bly. Ek is bly. En dit moet julle harte net so bly maak.*)
- Gee vir elke kind nog 'n boekmerk: Ons kan hierdie blydschap nie net vir onself hou nie! Ons moet hierdie blydschap gaan deel soos wat ek dit vandag met julle gedeel het. Julle moet nog 'n boekmerkjie maak en hierdie blydschap met iemand in jou gesin of met 'n maat gaan deel.
- Laat hulle nou hul boekmerkies versier.

## **BY DIE HUIS**

### **Doen**

Laat hulle die ekstra boekmerkjie vir iemand spesiaal gaan gee en hul blydschap oor Jesus se koms na die aarde met hom of haar deel.

### **Leer**

Laat hulle hul ouers gaan vra om hierdie feite te gebruik en weer die geskiedenis van Jesus se geboorte met hulle te deel.

- Jesus se ouers was Josef en Maria.
- Hulle het in Nasaret gewoon.
- 'n Engel het vir Maria gesê dat sy 'n baba gaan hê.
- Sy moet Hom Jesus noem.
- Maria en Josef was in Betlehem toe Jesus gebore is.
- Hulle het in 'n stal gaan bly, want daar was geen ander blyplek oor nie.
- Skaapwagters het by engele gehoor dat Jesus gebore is.
- Hulle het gaan kyk, en teruggegaan en vir almal daarvan vertel.
- Daar het ook sterrekykers kom kyk waar Jesus gebore is.
- Hulle het vir Hom kosbare geskenke gegee.

## **AFSLUITING**

- Sing Gesang 348: 1 of lees dit voor.


*Stille nag, heilige nag!  
 Jesus-kind, lank verwag,  
 Lig uit Lig, uit die Vader se ryk,  
 word uit liefde aan mense gelyk.  
 Loof die hemelse Kind!  
 Loof die hemelse Kind!*

- Sluit af met gebed.


**Jesus is vir my  
gebore**



**Jesus is vir my  
gebore**



**Jesus is vir my  
gebore**



**Jesus is vir my  
gebore**

